www.ico.org.za
012 332 0336

INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

14 Mei 2019

Geagte Kollegas

Van tyd tot tyd duik daar sake op wat tot moontlike konflik-situasies vir al ons skole in die privaatsektor kan lei.

Een van ons eie skole is, nadat ‘n advertensie vir ‘n pos op sosiale media geplaas is, beskuldig van diskriminasie. ‘n Lid van die publiek het beweer dat die advertensie diskriminerend van aard is. Die woorde “*Afrikaans*” en “*Christelike*” is volgens die persoon die probleem.

Aangesien al ons skole van tyd tot tyd poste op sosiale media (fb) adverteer, is dit ‘n saak wat al ons skole kan raak. Daarom is dit belangrik dat ons bewus is van hoe ons in so ‘n situasie moet optree.

Eerstens is dit vanweë die emosionele aard van hierdie saak belangrik om te onthou om versigtig te wees om toe te tree tot ‘n debat met so ‘n persoon. Versoek dat die persoon al sy klagtes skriftelik aan u stuur, sodat die antwoord daarop ook weloorwoë en regstegnies korrek sal wees. Maak ook seker om alle moontlike bewyse te stoor en selfs ‘n opname van telefoongesprekke te maak vir toekomstige verwysing.

Verder is dit goed om bewus te wees van die volgende:

Volgens die Skolewet 84 van 1996, artikel 45, kan elke persoon op sy of haar eie onkoste ‘n onafhanklike skool stig en onderhou.

Verder meld Artikel 46 (3) dat ‘n onafhanklike skool geregistreer mag word indien die department oortuig is dat die:

a) Standaarde wat in sodanige skool gehandhaaf word nie minderwaardig in vergelyking met standaarde in vergelykbare openbare skole is nie,
b) Die skool se toelatingsbeleid nie op grond van ras diskrimeer nie; en
c) Die skool voldoen aan al die voorwaardes vir registrasie

3(b) is die punt wat in hierdie saak baie belangrik is.

Verder kan ons ook na Hoofstuk 2 van die grondwet kyk. Hierdie hoofstuk is die Handves van Regte en is ‘n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika.

Artikel 29 van die handves handel spesifiek oor die onderwys en herhaal dat elkeen die reg het om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat:

a) Nie op grond van ras diskrimineer nie
b) By die staat geregistreer is, en
c) Standaarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standaarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.

Daar word dus nêrens verwys na “*Afrikaans*” of “*Christelik*” nie.

As onafhanklike skole het ons ook ‘n dokument wat deur die departement aanvaar word as ‘n protokol of ooreenkoms. Dit is die sogenaamde *“Rights&Responsibilities*”-dokument. Hierdie dokument is nie ‘n beleid nie, maar dit word wel aanvaar as die dokument waarvolgens sekere ooreenkomste aangegaan is.

Hieronder volg ‘n uittreksel uit die dokument:

This document covers the key defining characteristics of independent schools. These are aspects of independent schools that make them different from public schools; both in the way they are legally sanctioned and the way they operate. These characteristics include the following:

- *They follow their own distinctive missions (including particular ethos, faith or philosophy values);*
- *They determine their own learner admission policies in line with the law;*
- *They choose their own curricula and exit examinations that meet the prescribed outcomes of the National Curriculum Statement;*
- *They may determine their own promotion and retention policies in line with applicable policies;*
- *They determine how they are governed, financed and staffed, within the boundaries of the law; and in line with good governance practice*

Meeste onafhanklike skole word om ‘n bepaalde rede gestig. ‘n Groot deel van hierdie skole word gestig agv bepaalde geloofsoortuigings, ons kan dink aan die Rooms-Katolieke skole, die Anglikaanse skole, die Moslem-skole, die Joodse skole en dan ook ons eie Gereformeerde skole.

Hierdie etos of visie en missie van die skool mag nie bloot net in ‘n dokument geskryf staan nie. Hierdie missie en visie van die skool moet ook sigbaar wees in die skool se handel en wandel. Dit is vir die department belangrik om te kan sien dat die skool sy skoolsake bedryf ooreenkomstig sy karakter waarvolgens hy geregistreer het. Maw as ‘n skool as ‘n Moslem skool geregistreer is, wil die department dit kan sien.

As ons as Afrikaanssprekende Christelike skole geregistreer is, moet dit ook sigbaar wees in al ons handel en wandel maw ook in wie die personeel is wat ons aanstel, asook die taal wat by die skool gepraat word. Ooreenkomstig die grondwet mag daar net glad nie op grond van ras gediskrimineer word nie.

Hou in gedagte dat hierdie tans ‘n hoogs emosionele saak in ons land is. Laat ons dit versigtig, dog ferm hanteer met die vaste wete dat ons bely dat ons die kinders primêr in die vrese van die Here wil opvoed. Daarom doen ons dit ook in afhanklikheid van Hom selfs as daar allerlei struikelblokke en hindernisse op ons pad kom.

Vriendelike groete

Saskia Meijer

Uitvoerende Hoof: Instituut vir Christelike Onderwys